



Die HERE se belofte dat Hy die gelowige kerkvolk sal bewaar

Teks vir die preek:

“Die HERE sal jou uitgang en jou ingang bewaar....”

Psalm 121:8

GJ Meijer

© by skrywer - 2011
www.christelikebiblioteek.co.za

Liturgie

1. Votum en seëngroet
2. Sing Psalm 122:1-2
3. Wetslesing
4. Sing Psalm 84:3, 4
5. Gebed
6. Skriflesing en teks: Psalm 121
7. Sing Psalm 121:1-4
8. Teks: Psalm 121:8
9. Preek
10. Sing Psalm 48:4, 5
11. Gebed
12. Kollekte
13. Sing Psalm 134:1-4
14. Seën

Geliefde broeders en susters in Christus,

Psalm 121 is 'n pelgrimslied: 'n lied van 'n gelowige kerkganger. In die lied staan die HERE, die Verbondsgod, sentraal. Hoe anders? Die HERE staan immers in die sentrum van elke gelowige se lewe. So behoort dit in elk geval te wees!

Die digter van Psalm 121 begin sy lied met 'n vraag: 'Ek slaan my oë op na die berge - waar sal my hulp vandaan kom?' In antwoord op die vraag volg 'n geloofsbelydenis. 'My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.' Dit is 'n bekende belydenis. Daarmee begin ons eredienste elke Sondag. In dié belydenis of votum lê die krag van die kerk, en van elke gelowige individueel.

Die res van Psalm 121 is 'n seëngroet. Die HERE is die Bewaarder van Israel. Hy kan jou voet nie laat wankel nie, Hy kan nie sluimer of slaap nie; inteendeel, Hy is altyd wakker en waak voortdurend oor elkeen van sy kinders. Hy is die Skaduwee aan regterhand van gelowige. Hy begelei sy kinders in hulle daaglikse handel en wandel. Die seën van Psalm 121 loop op 'n hoogtepunt uit: '... die HERE sal jou *uitgang* en jou *ingang* bewaar, van nou af tot in *ewigheid*.'

By hierdie slotwoorde van Psalm 121 gaan ons stilstaan. Ek verkondig aan u **die HERE se belofte dat Hy sy gelowige kerkvolk sal bewaar.**

Die HERE belowe:

- 1. dat Hy ons *uitgang* sal bewaar**
- 2. dat Hy ons *ingang* sal bewaar**
- 3. dat Hy ons *van nou af tot in ewigheid* sal bewaar**

In 'n sekere sin is Psalm 121 anders as die ander bedevaartsliedere wat in die Bybel opgeteken staan. Psalm 122 is ook 'n bedevaartslied. In Psalm 122 sien ons die gelowige op pad na die tempel toe. Saam met die ander wat op pad is, sing hy: 'Ek was bly toe hulle vir my gesê het: laat ons na die huis van die HERE gaan.' Die gelowige digter van Psalm 122 sien daarna uit om in die tempel van die HERE in te gaan.

So is dit nie in Psalm 121 nie. Die digter van hierdie psalm is nie op pad tempel toe nie. Hy staan met sy voete reeds binne-in tempel. Die erediens is verby. Die digter staan al weer in die tempelpoort. Hy is gereed om na al die wonderlike feesvieringe terug te gaan huis toe. Langs hom, in die poort, staan 'n priester. Die gelowige digter praat met die priester. Hy is bekommerd. Die pad huis toe is gevaarlik. Rondom Jerusalem is berge. In die berge skuil allerlei gevare. Rowers en wilde diere maak die reis moeilik. Daarom dat hy sê: ek slaan my oë op na berge. En hy vra: waar sal my hulp vandaan kom? Dit is vir hom 'n lewens-egte vraag.

Op hierdie vraag gee hy self antwoord, 'n geloofsantwoord: ja, ek sal veilig by my bestemming aankom. Want my hulp kom van die HERE, Skepper van hemel en aarde. Die Almagtige sal my beskerm. Wie kan dit beter doen as Hy? Hy kon uit niks die heelal maak. As dit so is – dan kan Hy tog ook die pad van 'n enkele mens veilig maak? 'n Troosvolle geloofsbelydenis. Hierdie wete gee 'n mens moed.

Direk op die bemoedigende geloofsbelydenis volg die woorde van die priester wat daar by die digter van die psalm in die tempelpoort staan. Dit sluit eintlik daarby aan, dit bevestig die belydenis. 'Inderdaad, geliefde gelowige, jou hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het. Die HERE sal jou uitgang uit die tempel bewaar.' Dit ly geen twyfel nie. Ons sien hoe die priester daar in die tempelpoort die man huis toe stuur met 'n bemoedigende seën: die HERE, die God van die verbond, bewaar! Hy is getrou aan sy verbond. Hy seën die verbondskind wat Hom van harte dien. Hy seën na elke erediens in die tempel.

Die seën van die HERE loop saam op die gevaarlike pad. Wees nie bekommerd nie: die HERE is jou Bewaarder. *Bewaarder*: dié woord kom ses maal in Psalm 121 voor – dit beheers die lied. Bewaarder beteken: die HERE hou wag, Hy koester, Hy gaan voor sy kinders uit en dek hulle agterhoede. Daarom, gelowige kind van die almagtige God: die son sal jou bedags nie steek nie, die maan ook nie gedurende die nag nie. Die natuurelemente sal vir jou geen gevaar inhou nie. Die HERE sal jou van elke onheil bewaar, van wilde diere en van rowers. En die belangrikste: Hy sal jou siel bewaar – teen aanslae van die bose, teen die strikke van Satan, teen die verleiding van die wêreld – ook teen die donker mag van moedeloosheid en verlorenheid. Jou hele bestaan rus in die hande van die troue Verbondsgod. Hy hou die wag daaroor.

So kan die gelowige tempelganger met 'n geruste hart huis toe gaan. Hy was in die tempel van God. Daar het Hy die HERE op 'n besondere manier gedien. Hy het vir sy sondeskuld geoffer. Dié offer gee krag. Dit bevestig die herstel tussen hom en God. Daarom dat hy geseën kan word. Hy mag reken op die HERE se bewaring. Die HERE seën en bewaar elkeen wat reg voor Hom staan. Daarop kan die Ou-Testamentiese volk Israel ten volle vertrou.

Hoeveel te meer geld dit vir ons, die Nuwe Testamentiese volk van God, die kerk van Jesus Christus? Ons onderneem nie meer van tyd tot tyd 'n pelgrimstog na die tempel in Jerusalem om die HERE te aanbid nie. Ons offer geen diere meer om ons sondeskuld voor God te bedek nie. Ons kom elke Sondag kerk toe. Ons mag skuil agter die eenmalige offer van Jesus Christus: dié offer wat alle offers van die Ou Testament vervul en sinvol maak het.

Op grond van Christus se offer word ons tydens elke erediens geseën. Hande word opgehef: ons mag sien en hoor dat 'die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees met ons is.' Gaan huis toe, gaan werk toe, gaan die nuwe week in. Die HERE gaan saam, sy seën gaan saam - om Christus wil.

Dit is groot! Die kerk van die Here is die vaste baken in ons lewe. Hier, in die kerk, word Jesus Christus bely en verkondig as Verlosser van die lewe. Op sekere tye word dit met ekstra klem, op 'n besondere manier gedoen. As 'n kind gebore word, wat gebeur? Wat is vir elke gelowige ouerpaar van kernbelang? Daardie kindjie moet gedoop word – hier, in die kerk! Deur die doop moet die kind as kind van die Vader gemerk word. Dié kind kry deur die doop sigbaar deel aan die verlossende bloed van Jesus Christus. Aan dié kind verseker die Heilige Gees dat Hy ook in hom wil woon. Ons kinders se lewensbegin is hier, waar die bewarende God verkondig word.

Net so begin ons volwasse lewe hiervoor die kansel, waar ons ons geloof in God openbaar bely. Ons huwelikslewe begin hier waar ons huwelike in Christus gesluit en bevestig word. Ons ampswerk begin hier waar ons in die amp bevestig word. Hier word die lewende Woord van God bedien om ons toe te rus vir ons ganse bestaan. Hier soek en vind ons mekaar as medegelowiges. Hier bou ons mekaar op, troos ons mekaar, deel ons mekaar se vreugdes, ondersteun ons mekaar in dae van droefheid,

smee ons onvernietigbare vriendskappe.

Hoe is dit alles moontlik? Omdat die HERE belowe: my kinders, Ek sal julle *uitgang* bewaar. Ek hou my hand oor dié mense wat My dien. Dit is God se vaste verbondsbelofte vir sy gelowige kerkvolk deur alle eeue. Dié belofte glo ons onvoorwaardelik. Elke keer as die seën uitgespreek word, word dit aan ons bevestig.

Die HERE belowe nie dat Hy sy kinders van alle onheil en moeite sal *spaar* nie. Daar breek tye aan wat die donker wolke saampak. Daar kom haakplekke, ook in die lewe van God se gelowige kinders. Die punt is: as die winde hard waai en die ankers neig om los te ruk, dink dan aan die seën van Sondag. Dink bewustelik daaraan dat u hande gesien het wat oor ons almal saam, ook oor u opgehef is. En weet gewis: as ons in die put sit, slaap die Bewaarder van Israel nie. Die Vaderhand van God is in Christus voortdurend wyd oop. Sy belofte van Psalm 121 staan vas: Ek *sal* jou uitgang bewaar, *Ek* sal jou uitgang bewaar.

Die priester in Psalm 121 het nie klaar gepraat as hy die pelgrimsganger met hierdie bemoedigende seën huis toe stuur nie. Sy seëngroet gaan verder. Die HERE sal jou *uit-gang* bewaar, ja – maar **Hy sal ook jou *in-gang* bewaar**. Kyk mooi wat daar in die tempelpoort van Jerusalem gebeur. Die priester laat die gelowige huis toe gaan met 'n bemoedigende seën. In dieselfde asem sê hy: ek sien jou weer. Die HERE stuur jou huis toe, maar Hy verwag jou terug. Op elke uitgang uit die tempel volg 'n ingang in die tempel in. Dit kan nie anders nie. Die tempel staan immers in middelpunt van die lewe. Sonder tempeldiens stort alles in duie. Sonder versoenende offers wat daagliks gebring word, is lewe voor God onmoontlik.

Wat die priester in Psalm 121 sê, reik baie ver. Hy bind die lewe van die gelowige in geheel aan die God van die verbond. Hierdie pelgrimsganger kan nie van die tempel af huis toe gaan om daar van God te vergeet nie. Terug by die huis moet die lewe voluit voortgaan in diens van HERE – nou met andersoortige offers. Nou moet dit blyk dat sy tempeldiens waarde het, dat hy God se beloftes konkreet beleef, dat hy homself teen alle moontlike gevare pantser.

Ons begryp waarop die lied afstuur. Die HERE groet nie net nie, Hy roep ook. Hy bewaar nie net nie, maar Hy beveel ook: *laat* jou bewaar deur My wet te eerbiedig. Dit

lê alles opgesluit in die een seën. Die slotseën van elke erediens roep om die aanvangseën van die volgende erediens. As u die kerk verlaat, praat die HERE met u. Dan sê Hy terwyl u die slotseën hoor: vanaand sien ek jou weer, en volgende Sondag, as Ek vir jou die lewe en die gesondheid gee. Jy mag nie wegbly nie, my kind – Ek eis dat jy teenwoordig sal wees as Ek jou roep en jou seën. Ek pas jou op as jy uitgaan. Ek pas jou ook op as jy terugkom. Ek pas jou in jou uitgaan op sodat jy kan terugkom. Die kerklike erediens is die middelpunt van jou lewe.

Ons word vandag almal vir die soveelste maal geseën. Ons ontvang elkeen oneindig baie gawes van die HERE. Gebruik dit verantwoordelik in sy diens. Bly so bewaar van ondergang. Die HERE bewaar ons deur ons op ons verantwoordelikhede te wys. Uitgang en ingang, belofte en eis, seën en roeping, troos en vermaning: dit is altyd onlosmaaklik aan mekaar verbind.

Die Psalm eindig met uitsig op die toekoms: die HERE belowe bewaring **van nou af tot in ewigheid**. Ons gelowige uitsig op die ewige lewe is uitnemend. Ons gaan by God wees en niks sal tussen ons en God meer ingewig word nie. Vrese vir die toekoms, hartseer, verwerking van verlies, dit wat vandag nog onlosmaaklik deel vorm van ons gebroke lewe, sal daar nie wees nie. God is alles en in almal.

Dit is opmerklik dat Psalm 121 die lewe hier en nou aan die lewe tot in ewigheid verbind. Ons dink dikwels dat die ewige lewe daar ver iewers lê. Wanneer iemand sterf, word daar ook so gepraat: hy het die tydelike met die ewige verwissel. In 'n sekere opsig is dit waar. Hier op aarde is dinge tydelik. Maar ons kan nie sê: alles op aarde is tydelik nie. Die Here se werk in ons lewe is beslis nie tydelik nie. Net so dra dit wat ons vandag uit genade vir God mag doen, ewigheidswaarde. Ons beleef nou al die begin van die ewige lewe (HK Sondag 22). Al ons uitgange en ingange hier op aarde is deel daarvan. Die feit dat ons die Here mag ken en liefhê, dat ons ons talente vir Hom mag inspan: dit is alles begin van ewige lewe.

Nee, dit is is alles behalwe volkome - maar dit neem nie weg dat die ewige lewe reeds begin het nie. Die dag toe Christus gesterf het en die dood oorwin het, toe is die lewe vir ons gegee. Daarheen wys die slotwoorde van Psalm 121. Nou moet ons die verskillende punte van die Psalm by mekaar sit om 'n geheeloorsig van die lewe hier en die lewe tot in ewigheid te kry. Die Here belowe: Ek sal jou uitgang en jou ingang

bewaar - van nou af tot in ewigheid. Dit beteken vir die pelgrim van die Ou Testament: die HERE bewaar jou op pad huis toe en weer op pad terug na die tempel toe. Dit beteken vir die gelowiges in die Nuwe Testament: die HERE seën jou aan die einde van die erediens met die oog op die volgende erediens. Dit beteken vir die Ou Testamentiese sowel as die Nuwe Testamentiese gelowiges, almal tesame: die HERE waarborg 'n ewige ingang waarop daar geen uitgang sal volg nie.

Wie eenmaal die ewige Vaderhuis ingegaan het, hoef daar nooit weer uit te gaan nie. Nou moet ons kom en gaan, of eintlik: gaan en kom. Die tempelganger moet huis toe, en ons moet na die erediens die kerk verlaat om ons werk in God se koninkryk aan te pak. Genadiglik mag ons die werk aandurf terwyl die seën van God Drie-enig saamgaan. Ons mag die eise wat gestel word, aanspreek met die wete: daar is weer 'n ingang wat kom. Nietemin word ons daaglik met die gebrokenheid van die tydelike lewe gekonfronteer. Tussen elke uitgang uit die erediens en ingang in die volgende erediens sien ons die verbygang van die lewe. Die einddoel is egter: ingang sonder uitgang.

So sien ons dat hierdie pragtige bedevaartslied heenwys na een allesbeheersende punt in die Skrif: na Christus se wederkoms en ons lewe in ewigheid saam met Hom. Met die oog daarop is die seën van die Here wat vandag die soveelste keer oor ons uitgespreek word, uitnemend. Ons hoor dit oor en oor: die HERE bewaar jou uitgang en jou ingang. Wat ons hoor, maak ons al hoe blyer. Want die ewige ingang is aan die kom, dit is gewaarborg. Ons sal in die huis van die HERE bly tot in lengte van dae. Die plek is gereed gemaak deur Jesus Christus ons Verlosser, ons almal se Bruidegom. Hy het die pad na die Vader gebaan – ons mag deur die krag van sy Gees daarop loop (Heb. 10:19-25). Loop dan, geseënde kinders van die Vader! Loop, almal saam: dwarsdeur die week, die maand, die lewe ó totdat ons Here Jesus Christus weer kom.

Amen